

Die Afrikaanse
Taalgenootskap.

S T A T U T E
soals gewijsig op 'n
Algemene vergadering
van die 19e Oktober
1907.

A
439.3609

AFR

**Die Afrikaanse .
Taalgenootskap.**

STATUTE

soals gewijsd op 'n
Algemene Vergadering
van die 19e Oktober
1907.

Bewijs van Lidmaatskap voor

Sekretaris-Penningmeester.

G 74/2509

Afrikaanse Taalgenootskap.

NAAM.

(1)—Daar bestaan 'n vereniging met die naam van "Die Afrikaanse Taalgenootskap".

DOEL.

- (2)—Doel van die Genootskap is:
- a. Afrikaners te o'ertuig dat Afrikaans deur Afrikaners als hul spreek- en skryftaal behoort gebruik te worde,
 - b. ontwikkeling van die Afrikaanse Taal in suiwere vorm;
 - c. aankweking en ontwikkeling van 'n suiwere Suid Afrikaanse nasionaliteits-gevoel.

MIDDELE.

- (3)—Die Genootskap sal trag om sij doel te bereik:
- a. deur Afrikaners aan te moedig Afrikaans te spreek, te lees en te skryf;
 - b. deur te werk voor die oprigting van 'n Afrikaanse tydskrif;
 - c. deur aanmoediging van verenigings voor die studie van die Afrikaanse taal en geskiedents;
 - d. deur behulpsaam te wees met die uitgifte en verspreiding van goedkope Afrikaanse boeke en andere geskrifte;
 - e. deur prijse uit te loof of eervolle onderskeiding toe te ken voor opstelle en geskrifte in Afrikaans;
 - f. deur die versameling van oude en hedendaagse Afrikaanse letterkunde en publikasie daarvan naar gelang van omstandighede;

- Apikaanse en Ned*
- g. deur die onderwijs in die Nederlandse taal en Suid Afrikaanse geskiedenis op die skole te help bevorder,
 - h. deur samenwerking met andere vereniginge wat dieselfde doel beoog;
 - i. deur alle andere middele bij die hand te neem wat kan help om die doel van die Genootskap op wettelike en behoorlike wijze te bevorder.

LIDMAATSKAP.

(4)—Elke blanke man of vrouw in Suid Afrika die instem met die doel van die Genootskap en bereid is om te werk voor die bevordering daarvan, kan lid worde en stemgeregtig wees op enige algemene lede-vergadering van die Genootskap deur sijn of haar naam skriftelik in te stuur b.j die sekretaris en betaung van 'n jaarlikse bijdrage van minstens één shilling.

(5)—Begunstigers, en lewenslang stemgeregtig, kan enigeen wees die minstens £5 ineens stort in die kas van die Genootskap.

BESTUUR.

(6)—Die sake van die Genootskap word behartig deur 'n Bestuur gekose op 'n algemene vergadering van lede. Die Bestuur tree bij iedere gewone algemene vergadering af, maar is herkiesbaar.

(7)—Die Bestuur bestaat uit minstens sewe lede—met reg van toevoe-ging—waaronder 'n voorsitter, vise-voorsitter en sekretaris-penningmeester, deur die Bestuur self te kies.

Drie lede vorm 'n kworum. Vakatures word tijdelik tot die eerste algemene vergadering deur die Bestuur self opgevul.

(8)—Die Bestuur vertegenwoordig die Genootskap in alle sake; sorg voor behartiging van die doeleindes onder artikel 2 omskrew, en wend daartoe die middele aan in artikel 3 neergeleg.

VERGADERINGS.

(9)—Eenmaal in die jaar, of, als dit nie kan nie, eens in die twee jaar, alsook op skriftelik versoek van minstens één-derde van al die lede van die Genootskap beleg die Bestuur 'n algemene vergadering, om die politiek, die geldmiddele en andere belange van die Genootskap te bespreek.

Die besluite van 'n algemene vergadering dien als opdrag aan die Bestuur.

(10)—Die Bestuur sal aan iedere algemene vergadering voorleg, of minstens eenmaal in die jaar onder die lede versprei 'n volledige verslag van die verrigtinge en van die geldmiddele van die Genootskap.

AFGEVAARDIGDE.

(11)—Waar vijf of meer lede in die nabijheid van mekaar woon, staat dit hul vrij 'n afgevaardigde te kies om hul te vertegenwoordig op die algemene vergadering. Sulke afgevaardigde sal geregtig wees om soveel stemme uit te bring as daar handtekenings van lede voorkom op sijn geloofsbrief.

STATUTE.

(12)—Die statute van die Genootskap kan alleen op 'n algemene vergadering veranderd word.



